

# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 143   24 Augustus 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Voete van klei

“Iets of iemand het voete van klei” is ‘n bekende Afrikaanse idioom. Dit is waarskynlik gekonstrueer uit die gesig wat Nebukadneser gesien en wat as droom deur Daniël uitgelê is. Die betekenis van die idioom is “iets waarop nie staatgemaak kan word nie”. Dit dui ook op ‘n afgod.

Meermale in ons mense se samelewing het hierdie afgodsbenadering ons alte dikwels suur bekom. Behalwe dat ons moeilik saamwerk, is dit ook so van ons mense dat ons ons leiers alte maklik vertrou. Wat kritiese en selfdenkende ondersteuning moet wees, verval dikwels tot ‘n onkritiese en naïewe navolging wat amper op afgodsverering uitloop. Soos ‘n klomp skape volg ons dikwels en loop met heldeverering die leiers agterna. Ons lei aan die skaap-sindroom waarin ons ons eie gedagtes en oorweginge heeltemal opsê en ons byna idioties laat voorskryf en voorsê. Ons verweer onself dat die leier so gesê het en daarom val ons klakkeloos in met die geblêr van die trop. Ons is nie meer bereid om tot opbou by te dra nie, maar kruip weg en soms teen ons betewete in laat ons alles vir die leiers oor.

Ons beskou ‘n aanslag op dinge wat die leiers doen as aanslag op ons kerk, ons volk of onself.

“Ek het agter daardie generaal aangery en hy was in die voorste buffel”, word dikwels ons rede om enige fout - hoe gruwelik ook al eenvoudig af te maak as die vyand se aanslag, nie teen die leier nie, maar teen die volk en daarom teen myself. Ons sal enige verskoning uitdink om die een wat voorgeloo het, te verdedig en dan ten alle koste.

Ons het vantevore en loop soms nou ook klakkeloos agter volksleiers aan wat as bewese egoïste met net eie belang op die hart aan hulle eie koninkrykies bou. Ons duld geen kritiek teen hulle nie. Ons laat toe dat die leiers self opgeblaaide bokramme vir die trop word, in plaas van herders vir Christus se kudde.

Ja - ook in die kerk ruil ons al te maklik die eer van God vir die mensverering van ons voorgangers. Ons laat toe dat hulle in eiebelang alle waardes en norme oortree, soveel so dat wat ons voorheen van Gods dienaars verwag het, eenvoudig nie meer figureer in ons denke nie. Ons sê maklik: "Nie dié of dáardie professor nie. Ek ken hom te goed. Sal nooit so iets van hom glo nie". Pedofilie, losbandigheid, hardvoggige eiebelang,                      egskeiding,                      diefstal,

magsmisbruik, drankmisbruik ensovoorts, niks maak meer saak nie. Selfs binne die kerk kan hierdie vergrype eenvoudig voortgaan. "Jy los net my leier uit". Hierdie gevaar bestaan ook waar ons binne die verband van die Bond afsonderlike kerke is met 'n hoenderhaan op elke mishoop. Die gevaar is vir ons groter om so opgeblase te raak dat ons nie meer die doel sien nie en net in eiebelang dink.

Die slegte is dat korrupte en selfsugtige leiers weet dat baie van ons soos 'n trop skape is. Daarom verval alle reëls vir hulle. Hulle misbruik mag dikwels met geweld. Daar is vir hulle geen reëls nie. Hulle mag, invloed of geld maak hulle onaantasbaar en verhewe bo die normale reëls en verwagtinge. Dit gebeur dan dat niemand iets mag sê of doen wat hulle repudieer of van hulle denke verskil nie. Dan word verwag dat ons in alles soos 'n trop skape sal volg. Hulle duld geen teëstand nie en onderdruk dit of laat hulle opgesweepte skape dit vir hulle doen. Hulle gooi kritiek van die verhoog af met vrot tamaties. Hulle etiketteer mense en verneder hulle met slinkse kommunikatiewe truuks. Hulle misbruik hul invloedsfere om mense te isoleer. Hulle stuur skape as boelies om ander te intimideer. As nie een van hulle pogings slaag nie, is hulle nie skaam om te vermoor nie. Hulle is alleenheersers wat geen kritiek duld nie. Hulle kry dit reg dat hierdie skape nie eens opbouende kritiek raaksien nie, maar mense gemaklik tot vyande van die saak, die volk, die kerk verklaar. Dan baklei al die skape saam teen die sogenaamde vyand. Ons word daarvan oortuig om mekaar en veral sekeres te wantrou. Ons volkome lojaliteit aan 'n leier kan misbruik word en gerig word om die wat vrae stel aan te val as die vyand.

Asof dit nie genoeg is nie is hulle optrede in eiebelang. Die eie geld, eie eer, eie status is vir hulle van primêre belang.

Dit help nie om te sê "Ek het by hom geleer"; "Ek het agter hom aangeveg"; "Ek ken hom persoonlik"; "Ek het vir hom straatwerk gedoen" nie. Veral nie as hy vorendag kom met die gruwelikste woorde, denke en dade wat deur my opgevreet moet word soos 'n skaap wat voor die afgodery moet buig nie. As ons aanhou om voor die beelde van wie ook al en watter aard ook al te buig, sal die bewese voete van klei vir ons nikswerd wees nie. Dit sal as afgode bewys word. Dit is die werke van die duisternis wat in die donkerste dele van die psige gepleeg word.

In Christus is niks meer in die duisternis nie. Ons is die kerk. Ons lewe nie met die maatstawwe van die duisternis nie. Die reëls is anders as die reëls van die wêreld.

Wanneer Daniël die droom van Nebukadneser uitlê stel hy die ewige God aan die woord. Hy sê oor Hom dat Hy die Een is wat sien wat in die donker gebeur en in Wie die lig is. Daniël 2:22.

Laat ons die werke van die duisternis aflê en in die lig lewe.

Hierdie Redaksioneel is deur ds. Johan van Wyk hanteer.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS BONDSVERGADERING**

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Die Agenda is reeds aan die gemeentes aangestuur. Afgevaardigdes moet seker maak dat hulle die Agenda by die gemeente se saakgelastigde ontvang en dan deurwerk.

16:00 - 17:30 Registrasie

17:45 - 18:00 Samesang

18:00 - 18:45 Openingsrede

18:45 - 19:15 Verversings

### **UITNODIGING NA BONDS DAMES- BYEENKOMS, PIETERSBURG 2018**

U word hartlik uitgenooi na die volgende Bonds damesbyeenkoms wat DV plaasvind te gemeente Pietersburg op 3 September 2018. Hier gaan ons deel wat in ons gemeentes en in ons lewens gebeur en mekaar gaan ons mekaar kan hoor en ondersteun. Ons sien uit daarna om elke gemeente se dames hier verteenwoordig te hê. Kyk ook na die sakelys aan die einde van hierdie uitgawe.

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **LEWENS BROOD 2019-2020**

Daar is ywerig geskryf aan die dagstukkies vir die Lewensbrood 2019-2020. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd ingeruim het om te skryf.

Vir die afgelope ses jaar is dieselfde prys gehandhaaf. Ongelukkig het drukkoste so verhoog dat ons nie anders kan as om die

prys aan te pas nie. Die veronderstelling is dat ons weer 1400 bestellings gaan kry. Gemeentes word aangemoedig om so wyd moontlik bestellings te werf. Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. Prys **R120** per eksemplaar

### **DS PARKIN - OTTOSDAL**

Ds. Johan Parkin van Ottosdal se vrou, Denise is weer siek met kanker. Ons meeleving gaan met die gesin in hierdie tyd.

### **OORNAG FASILITEITE**

#### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en  
besprekings 0829082831  
[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**Kennisgewing van Geloofsbond Damesbyeenkoms  
te Hervormde Kerk, Pietersburg,  
Maandag, 3 September AD 2018**

<b>08:00-8:00</b>	<b>Laat registrasie</b>
08:30-9:00	Gesamentlike Opening
	<b>TEMA: EENDERS, ANDERS, EIE</b>
9: 00-10:45	Verwelkoming en Konstituering
	<b>EENDERS</b>
	Gemeentebekendstelling
	Lief en Leed
	Doelstellings en Missie
	Die Vroeë Kerk
<b>10:45-11:15</b>	<b>TEE</b>
11:15-12:30	Boekbekendstelling
	<b>ANDERS</b>
	Skyfievertoning: Gemeentebydraes
	Gemeente en gemeenskap
	GEMEENSKAPSTEM: DIE OORD
	Geloofsbondkwilt en Lootjies 2018, 2019, 2020
<b>12:30 -14:00</b>	<b>MIDDAGETE</b>
	TREK VAN KWILT
	<b>EIE</b>
14:00-15:45	Plaskildery "collage"
	Algemeen
	Vraelys
	Bedankings
	Afsluiting
<b>15:45- 16:15</b>	<b>TEE</b>